AANBIEDING	VLAK 1 Volg 'n onafhanklike en relevante gedagterigting. Het geanaliseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktureerde opstel. Uitstekende tegniese vaardig-hede en bewyse.	VLAK 2 Volg 'n relevante gedagterigting. Het geanaliseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktureerde opstel. Minder belangrike foute.	VLAK 3 Volg 'n relevante gedagterigting. Poog om te analiseer en historiese verklarings te maak. Goed beplande en gestruktureerde opstel. Strukturele gebreke. Hoë orde vaardighede ontbreek.	VLAK 4 Probeer om 'n gedagterigting vol te hou. Poog om te analiseer en historiese verklarings te maak. Opstel in 'n sekere mate beplan en gestruktureerd.	VLAK 5 Probeer om 'n gedagterigting vol te hou. Analise en historiese verklarings in 'n sekere mate toegepas. Poog om te struktureer. Tegnieise gebreke.	VLAK 6 Gedagterigting word nie volgehou nie. Analise en historiese verklarings soms of glad nie gemaak nie. Geen duidelike struktuur nie.	VLAK 7 Geen gedagterigting nie. Geen analise en historiese verklarings gemaak nie. Geen struktuur nie.	VLAK 8 Geen poging om die vraag te beantwoord nie.
INHOUD								
<b>VLAK 1</b> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie is ten volle relevant tot gedagterigting wat gevolg is.	<b>A+</b> 47 - 50	<b>A</b> 43 - 46	<b>A-</b> 40 - 42					<b>A: 160 - 200</b> <b>B: 140 - 159</b> <b>C: 120 - 139</b> <b>D: 100 - 119</b> <b>E: 80 - 99</b> <b>F: 67 - 79</b> <b>FF: 60 - 66</b> <b>G: 50 - 59</b> <b>GG: 40 - 49</b> <b>H: 0 - 39</b>
<b>VLAK 2</b> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie is relevant tot gedagterigting wat gevolg is.	<b>A</b> 43 - 46	<b>A-</b> 40 - 42	<b>B+</b> 38 - 39					
<b>VLAK 3</b> Vraag in 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant.	<b>B+</b> 38 39	<b>B</b> 36 - 37	<b>B-</b> 35	<b>C+</b> 33 - 34				
<b>VLAK 4</b> Gestelde vraag is herkenbaar in antwoord. Gebreke tov inhoudseleksie en beheer. Effens onvoltooid en irrelevante inhoudseleksies.			<b>C+</b> 33 - 34	<b>C</b> 31 32	<b>D+</b> 28 - 29			
<b>VLAK 5</b> Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Gebreke t.o.v. omvang en beheer.				<b>C-</b> 30	<b>D</b> 26 - 27	<b>E+</b> 23 - 24		
<b>VLAK 6</b> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					<b>D-</b> 25	<b>E</b> 21 - 22	<b>E-</b> 20	
<b>VLAK 7</b> Vraag ontoereikend of glad nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Grootliks irrelevant.						<b>E-</b> 20	<b>F</b> 13 - 19	
<b>VLAK 8</b> Geen relevante inhoudseleksie nie. Heeltemal foutief.								<b>G 07 - 12</b> <b>H 00 - 06</b>



**AFDELING A: OPSTELVRAE**

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM IN GEBRUIK IS.**
- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING OF SAMEVATTING Hê AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'N RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESIFIEKE OPSTEL.**



**VRAAG 1A: DIE PERIODE 1924 TOT 1948**

Generaal J B M Hertzog was vasbeslote om sy termyn as Eerste Minister te gebruik om Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid erken te kry.

Stem jy met hierdie stelling saam? Gebruik relevante gebeure vanaf 1924 tot 1934 om jou antwoord te ondersteun.

**SINOPSIS**

Die kandidate moet met die stelling saamstem of verskil. Meerderheid van die kandidate sal na verwagting saamstem. Hulle moet Hertzog se vasbeslotenheid om Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid te verkry, aandui. **Verder moet hulle ook aandui hoe hy die gebeure gebruik het om Suid-Afrika in die rigting van soewereine onafhanklikheid teen 1934 te beweeg. Enkele leerders kan aandui dat Hertzog geleenthede binne die internasionale omgewing gebruik het om sy doel te bereik.**

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskrif van 'feite' is onvoldoende.*

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate moet hul standpunte stel. Dit moet handel oor **hoe suksesvol die kandidaat dink Hertzog was** om Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid teen 1934 te laat erken.

**UITBREIDING**

- Die posisie van die dominiums toe Hertzog in 1924 aan bewind kom (volgens die wet was hulle aan Brittanje ondergeskik en Hertzog was vasbeslote om die situasie te verander)
- Hertzog het die Rykskonferensie van 1926 gebruik om duidelikheid oor die posisie van Suid-Afrika en die dominiums te kry.
- Die Balfourverklaring van 1926 (Die status van Suid-Afrika en die ander dominiums gedefinieer en verhoog; Hertzog het 'n belangrike rol hierin gespeel)
- Die stigting van die Departement van Buitelandse Sake het aan Suid-Afrika die geleentheid gebied om sy onafhanklikheid te bewys (Hertzog se betrokkenheid hierin was duidelik).
- Die Statuut van Westminster, 1931 was 'n Britse wet wat die beginsels van die Balfourverklaring vervat het, Hertzog het meegewerk daaraan om druk op die Britse regering te plaas om die Balfourverklaring in 'n wet te verander)
- Die Status en Seëlwette, 1934 (Onder Hertzog se leierskap is die twee Suid-Afrikaanse wette aanvaar waarvolgens SA se onafhanklikheid, soos bepaal deur die Statuut van Westminster, beskerm word)
- Samevatting: Kandidate moet hul argumente saamvat met 'n aanduiding hoe suksesvol Hertzog was om Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid teen 1934 erken te kry.

**[50]**



**VRAAG 1B: DIE PERIODE 1924 TOT 1948**

Die Verenigde Party is gevorm deur die samesmelting van partye met diepgaande ideologiese verskille. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 was hierdie politieke alliansie bestem om te misluk.

Analiseer hierdie stelling deur te verwys na die ideologiese verskille en die redes vir die ontstaan sowel as die skeuring van die Verenigde Party.

**SINOPSIS**

Kandidate moet die redes vir die totstandkoming van die Verenigde Party (VP) stel. Die ooreenkomste en verskille in die beleidsrigtings (ideologieë) tussen die NP en die SAP moet ondersoek word, asook die mate waartoe die verskille bygelê of geïgnoreer is. Kandidate moet aandui **hoe** die ideologiese verskille tot die skeuring van die VP gelei het. (Enkele kandidate kan aandui dat die ideologiese verskille nie so diepgaande is nie.)

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate moet sê hoekom die VP gestig is asook aandui of die ideologiese verskille tot die skeuring gelei het.

**UITBREIDING**

- As gevolg van die ekonomiese agteruitgang na die Groot Depressie het die regering steun verloor; verlaat die goudstandaard
- Hertzog het geglo dat 'n koalisieregering die ekonomiese probleme sou oplos
- Koalisie onthul die ideologiese verskille
- Ideologiese verskille het na die samesmelting steeds voorgekom.
- Spanning tussen die Afrikaans- en Engelssprekende lede oor die invloed van Afrikaner nasionalisme
- (Spanning binne die VP oor rassebeleid omdat sommige lede gekant was teen segregasie)
- Toe die Tweede Wêreldoorlog uitbreek het ideologiese verskille (onder andere neutraliteit vs. deelname) tot die skeuring in die VP in 1939 gelei
- Samevatting: Kandidate moet hul argumente saamvat met 'n aanduiding waarom die VP gevorm is en of ideologiese verskille tot die skeuring gelei het.

**[50]**



**VRAAG 2A: DIE PERIODE 1948 TOT 1976**

**Evalueer die bydraes** van dr. D F Malan, adv. J G Strijdom en dr. H F Verwoerd tot die stigting van 'n 'slegs blanke'-republiek in Suid-Afrika in 1961.

**SINOPSIS**

Kandidate moet deurgaans aandui wat die verskillende Eerste Ministers (Malan, Strijdom en Verwoerd) se bydraes was en **in watter mate elkeen** van die Eerste Ministers bygedra het tot die totstandkoming van 'n 'slegs blanke'-republiek.

Enkele kandidate kan moontlik op die 'slegs blanke'-aard van die republiek fokus. In so 'n geval kan hulle die vraag interpreteer deur na die bydraes van elk van die Eerste Ministers om apartheid binne 'n 'slegs blanke' republiek te vestig, te kyk. In die bespreking hiervan moet die wetgewing om apartheid te vestig, bespreek word

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate moet aandui hoe hulle die vraag gaan beantwoord asook wat hul gedagterigtings gaan wees.

**UITBREIDING**

- Ontwikkelings onder D F Malan, 1948-1953 (fokus op die verbreking van bande met Brittanje deur klein grondwetlike veranderings.
- Ontwikkelings onder J G Strijdom, 1953-1958 (beklemtoon die simboliese veranderings aangebring bv. vlag, volkslied, terme gebruik, ens.)
- Ontwikkelings onder H F Verwoerd, 1958-1961 (besluit om 'n republiek te stig en die onttrekking uit die Statebond)
- Samevatting: Kandidate moet hul argumente saamvat deur die bydraes van die verskillende eerste ministers te evalueer.

**[50]**



**VRAAG 2B: DIE PERIODE 1948 TOT 1976**

Die Sharpeville-massamoord en die reaksie van die Nasionale Party-regering het die African National Congress en Pan Africanist Congress **gedwing** om hulle weerstandstrategie **te wysig**.

Stem jy met hierdie stelling saam? Verwys na die relevante gebeure vanaf 1960 tot 1976 om jou standpunt te verduidelik.

**SINOPSIS**

Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem nie. Die kandidate se gedagterigting moet aandui of die ANC en die PAC hul versetstrategieë na 1960 tot 1976 verander het.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate moet hul standpunte stel en aandui hoe hulle hul gedagterigtings gaan ondersteun.

**UITBREIDING**

- Die Sharpeville-massamoord en sy uitwerking op versetstrategieë (waarom was dit 'n keerpunt?)
- Die verbanning van versetbewegings en aanhoudings het die ANC en die PAC ondergronds gedwing
- Hulle het gereageer deur Umkhonto we Sizwe (MK) en POQO te stig
- Die regering se reaksie op die nuwe strategieë was om 'n strooptog op die plaas Liliesleaf uit te voer en dit het tot die Rivonia-verhoor gelei
- Die regering het die Algemene Regswysigingswet deurgevoer om die weerstand in bedwang te hou
- Toenemende onderdrukking deur die regering het die studente se weerstand beïnvloed (die African Resistance Movement (ARM), die Swartbewussyns-organisasie (Black Consciousness Movement - BCM), die Suid-Afrikaanse Studente-Organisasie (SASO), NUSAS, the 1973 Durban Corobrick staking, ens.)
- Dit het 'n invloed op die betrokkenheid van die jeug gehad (Soweto-opstande 1976); Dit was nog 'n keerpunt, baie jongmense het Suid-Afrika verlaat om by die ANC in ballingskap aan te sluit.
- Samevatting: Kandidate moet hul argumente saamvat deur aan te dui of die Sharpeville-massamoord en die reaksie van die Nasionale Party die ANC en die PAC verplig het om hul weerstandstrategieë te verander. **[50]**



**VRAAG 3 A: DIE PERIODE 1976 TOT 1994**

Die United Democratic Front, as 'n grondvlak- en gemeenskapsorganisasie, was die enigste interne beweging wat effektiewe massaweerstand teen P W Botha se beleid van totale strategie tussen 1983 en 1989 gebied het.

**Bepaal die geldigheid** van hierdie stelling deur bewyse uit die periode te gebruik om jou antwoord te staaf.

**SINOPSIS**

Die antwoord moet aandui of die kandidaat saamstem of nie saamstem nie met die stelling. 'n Verskeidenheid interpretasies is moontlik by die beantwoording van die vraag. **Argumente moet aandui of die UDF die enigste massabeweging was wat weerstand teen die totale strategie gebied het of nie.** Ondersteunende bewyse is nodig in die beantwoording van die vraag. Die aard en rol van die van die UDF moet geëvalueer word teen die aard, rol en bydraes van ander weerstandsbewegings.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate moet hul standpunte stel en aandui hoe hulle hul gedagterigtings gaan ondersteun.

**UITBREIDING**

- Die redes vir die stigting en die aard van die UDF (die doelstellings en beginsels- het as 'n oorkoepelende liggaam vir die weerstandsbewegings in Suid-Afrika gedien)
- Vorme van verset (wat bv. uittartingsprogram, onstuitbare massa-aksie ingesluit het) teen totale strategie
- **Vergelyk met ander organisasies** bv. die Nasionale Forum; die rol van kerke; Swartbewussynsorganisasie, Gemeenskap en township-organisasies, die rol van skole en universiteite, Internasionale druk, ens. **om sodoende vas te stel of die UDF die enigste organisasie was wat effektiewe massa-weerstand teen P W Botha se totale strategie gebied het.**
- Samevatting: Kandidate moet die belangrikheid van die rolle van die UDF of ander organisasies teenoor Botha se totale strategie in die 1980's evalueer.

**[50]**



**VRAAG 3B: DIE PERIODE 1976 TOT 1994**

**Ten spyte van geweld en onrus tussen 1990 en 1994 het die mense van Suid-Afrika 'n demokratiese 'wonderwerk' deur politieke onderhandelinge bewerkstellig.**

Stem jy met hierdie stelling saam? Gebruik spesifieke gebeure vanaf 1990 tot 1994 om jou standpunt te ondersteun.

**SINOPSIS**

Kandidate moet bespreek hoe ten spyte van geweld en onrus van die periode politieke onderhandelinge voortgegaan het en 'n demokratiese 'wonderwerk' bewerkstellig het. Daar moet klem geplaas word oor hoe die uitdagings (geweld en oproer) deur die onderhandelingsproses te bowe gekom is. [Onthou enkele kandidate kan van 'n ander perspektief ten opsigte van die 'wonderwerk' volg.]

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate moet hul gedagterigtings inlei en kortliks aandui hoe hulle dit gaan ondersteun.

**UITBREIDING**

- **Kortliks** die redes vir die onderhandelingsproses (De Klerk se toespraak – keerpunt)
- Proses van onderhandelings, bv. die Grootte Schuur Minuut, die Pretoria Minuut, CODESA I & II (het die toon vir die bereiking van die demokratiese 'wonderwerk' aangegee)
- Struikelblokke in die onderhandelings, bv. die ontstaan van COSAG, geweld in Boipatong, Natal en elders, regse aktiwiteite, ens. (aandui hoe dit gepoog het om die onderhandelingsproses te ontspoor)
- Politieke kragspel, botsing van persoonlikhede (Mandela – De Klerk; Buthelezi, regse organisasies)
- Versterking van onderhandelings ( rol van Cyril Ramaphosa en Roelf Meyer) kompromie en verbintenis
- Die eerste demokratiese verkiesing van April 1994 (demokratiese 'wonderwerk')
- Samevatting: Kandidate moet hul argumente saamvat deur te fokus op hoe politieke onderhandelings die wonderwerk in 1994 veroorsaak het ten spyte van die politieke konteks.

**[50]**



**AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE**

<b>DIE NASIEN VAN BRONGEBASEERDE VRAE</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet toegeken word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.</li> <li>• By die toekenning van punte moet seker gemaak word of daar aan die vereistes van die vraag voldoen is of nie.</li> <li>• In hierdie riglyne vir nasien word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van vraagstelling aangedui in kursiefgedrukte skrif.</li> </ul>	

<b>VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAAGSTELLING</b>	
<b>VLAK 1 (V 1)</b>	Seleksie/ onttrekking van inligting uit bronne.
<b>VLAK 2 (V 2)</b>	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
<b>VLAK 3 (V 3)</b>	Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van meer as een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak.
<b>VLAK 4 (V 4)</b>	Komplekse interpretasies wat dikwels meer as een bron behels. Hierdie vrae konsentreer op aspekte soos bevooroordeeldheid, betroubaarheid, die gebruik van organiseringsbegrippe (ooreenkoms en verskil, oorsaak en gevolg, chronologie; verandering en kontinuïteit) om kontraste, vergelykings en verskillende standpunte te verduidelik en as 'n finale stap om hierdie insigte aan te wend om 'n paragraaf te skryf of, met ander woorde, om 'n stukkie geskiedenis te skryf wat gebaseer is op bewyse uit die bronne.

**As 'n vraag 'n JA/Nee antwoord verwag en die tweede deel van die vraag redes verwag: die kandidaat wat die verwagte antwoord gee bv. 'ja' maar geen redes aanbied nie, krediteer die 'Ja'. As die kandidaat 'Nee' antwoord en geen rede(s) aanbied nie, geen krediet vir die antwoord. As die 'nee' ten volle gemotiveerd is, krediteer dan.**



**VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948****4.1 DIE INVLOED VAN DIE POLITIEK OP DIE ONDERWYS GEDURENDE DIE 1940's**4.1.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 4B – V 1]*

- Direkte verteenwoordiging
- Gelyke betaling / Hoër salarisse
- Gelyke geleenthede
- Gelyke regte
- Stemreg
- Verlaging van huur

(enige 2 x 1)

4.1.2 (a) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V 2]*

- Nee

(2)

(b) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V 2]*

- Hy was lid van die OB 'n regse organisasie
- Verwys na Bopape se toesprake as opruiend en antagonisties
- Hy het hul eise verwerp, omdat dit sou impliseer dat hy sy posisie as Bestuurder van Naturelle sake moet ontruim
- Volgens Bopape het hy met Language gebots (siening van Bopape teenoor die van Language)
- Aanbeveel dat hy afgedank word

(enige 2 x 2)

4.1.3 (a) *[Analise en interpretasie van bewyse uit beide bronne – V 3]*

- Ja / in 'n groot mate OF
- Kan Nee wees

(2)

(b) *[Analise en interpretasie van bewysse uit beide bronne – V 4]*

- Die verklaring van beide Bopape en Language bevestig die gebeure waarna in die bron verwys word
- Al die bronne verwys na Bopape as onderwyser en politieke aktivis
- Die feit dat Bopape vir Language weerspreek
- Die lys van eise

OF

- As gevolg van tydsverloop kon blootstelling aan ander bronne die wyse waarop Bopape die feite oproep, beïnvloed het
- Hierdie is 'n persoonlike weergawe wat 50 jaar later opgeteken is
- Callinicos het tweedehandse inligting gekry oor die gebeurtenis en was nie 'n ooggetuie
- Callinicos was bevooroordeel ten gunste van Bopape

(enige 3 x 2)



4.1.4 [Onttrek bewyse uit beide bronne, maak meer komplekse interpretasies ten einde 'n stuk geskiedenis te skryf (paragraaf) – V 4]

Vraag: Wat was die invloed van politiek op onderwys gedurende die 1940's?

**Gebruik die holistiese matriks hier onder en die volgende om 'n punt toe te ken.**

Die paragraaf moet gebaseer wees op bewyse van al hierdie bronne en moet op die meeste van die onderstaande fokus:

- Bopape se situasie by die skool
- Rede vir ontslag (politiek was gedurende die periode nie in skole toegelaat nie)
- Gemeenskap se reaksie (onregverdige ontslag het tot die gemeenskaps reaksie gelei)

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kan nie bewyse onttrek nie</li> <li>• of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse.</li> <li>• Gebruik bewyse in 'n mate om oor die onderwerp verslag te doen</li> <li>• of kan nie oor onderwerp skryf nie.</li> </ul>	<b>0 – 2 punte</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is</li> <li>• Bewyse wat onttrek is hou in 'n groot mate verband hou met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse.</li> </ul>	<b>3 – 5 punte</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek relevante bewyse uit bronne</li> <li>• Bewyse wat onttrek is hou baie goed met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf</li> <li>• Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp.</li> </ul>	<b>6 – 8 punte</b>

(8)

(24)



## 4.2 DIE HOOFKWESSIES WAAROM DIE ALGEMENE VERKIESING VAN 1948 GEHANDEL HET

### 4.2.1 *[Interpretasie van inligting uit Bron 4C – V2]*

- Om die kieserskorps se vrese te besweer
- Om hulle te verseker dat die ekonomie herbou sal word
- Om hulle te herinner aan die grootste opoffering wat die soldate in die Tweede Wêreldoorlog gemaak het vir hul (kiesers se) vryheid
- Wil hulle verseker dat beter lewensomstandighede sal geskep word (stryd vir geregtigheid en regverdigheid)
- Waarsku teen apatie onder kiesers
- Nie verwar met die NP se boodskap van apartheid nie
- om steun te werf

(enige 3 x 2)

### 4.2.2 *[Interpretasie van inligting uit Bron 4D – V 3]*

- dat Smuts en Hofmeyr die kieserskorps in 'n bedrieglike gevoel van sekuriteit in verlei
- dat liberalisme die einde aan hul leefwyse sou maak
- dat Smuts en Hofmeyr nie vertrou kan word nie
- wil vrees vir by die kiesers inboesem
- sien liberalisme as 'n gevaar en 'n strik

(enige 3 x 2)

### 4.2.3 (a) *[Seleksie van bewyse uit Bron 4C – V 2]*

- Die Verenigde Party

(2)

### (b) *[Seleksie van bewyse uit Bron 4C – V 2]*

- Die koerantopskrif is bevooroordeeld teenoor Smuts
- Die koerant herinner die kiesers dat die VP staan vir waardigheid en geregtigheid; dat die VP staan vir regverdige lewenstoestande vir almal
- *The Cape Argus* het die NP se ondersteuning van apartheid verwerp

(enige 2 x 2)

### 4.2.4 *[Vergelyk bewyse uit al die bronne en maak sekere afleidings – V 4]*

Gebruik die volgende aspekte om Smuts se foute in die aanloop tot die verkiesing aan te dui

- Na-oorlogse ekonomiese situasie (brood en botter sake)
- Rassebeleid
- Leierskap (oormaat van selfvertroue)
- Liberalisme (Hofmeyr)
- Onkunde
- Tweede Wêreldoorlog (verandere situasie)

(enige 4 x 2)

**(26)****[50]**



**VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976****5.1 VERSKILLENDE GESIGSPUNTE OOR DIE TOTSTANDKOMING VAN 'N REPUBLIEK IN SUID-AFRIKA IN 1961****5.1.1 [Onttrekking van inligting uit beide bronne om die verskille aan te dui – V 4]**

- Bron 5A het 'n donker prentjie van Suid-Afrika geskilder; dit toon Suid-Afrika se pad vorentoe as moeilik/ droewig/ sonder enige veilige hawe (d.i. Statebond)
- Bron 5B skilder 'n rooskleurige toekoms vir Suid-Afrika; dit stel Suid-Afrika se pad vorentoe sal beter wees as die verlede/ georganiseerd sonder chaos

(2 x 3)

**5.1.2 [Gebruik die bewyse ten opsigte van die oorsprong van die bronne ten einde die verskillende standpunte te kan verstaan – V 3]**

- Hulle het in verskillende koerante verskyn wat verskillende gemeenskappe dien

(2)  
(8)**5.2 DIE DOOD VAN HECTOR PIETERSEN IN DIE 1976-SOWETO-OPSTAND****5.2.1 [Onttrekking van inligting uit Bron 5E – V 1]**

- Die bevelvoerder van die polisie het die studente gewaarsku dat hy gaan skiet
- Hy het sy vuurwapen uitgehaal
- Hy het dit op die studente gerig
- Twee skote gevuur
- Het die bevel gegee om te skiet

(enige 4 x 1)

**5.2.2 (a) [Vergelyking van Bronne 5C en 5D ten einde die verskille vas te stel – V 4]**

- Hoek waarteen die foto geneem is
- Agtergrond – gevolglik 'n ander hoek – geen skare, huise, skoene weg, ens
- Die angs op die gesigte
- Hector se gesig is nie sigbaar in Bron 5C nie
- Foto's nie terselfdertyd geneem nie

(3 x 2)

**(b) [Interpretasie om begrip te toon – V 2]**

- Die fokus is op Hector Pietersen, wat noodlottig geskiet is
  - Hector Pietersen se hele liggaam is sigbaar in Bron 5D
  - Die visuele trefkrag
- (As 'n kandidaat sê dat hy/sy nie die foto sou kies nie, moet hy/sy gekrediteer word as hy/sy die nodige bewyse lewer)

(2 x 2)



(c) [Gebruik die bewyse in bronne ten einde oor die betroubaarheid daarvan te besluit – V4]

**Gebruik die holistiese matriks hieronder en die volgende om 'n punt toe te ken.**

- Betroubaar in 'n sekere mate
- Bron 5E bevestig gedeeltelik dat die foto's geneem is
- Die foto's illustreer die gebeure wat in die ander bronne beskryf word, maar die foto's kon maklik verander gewees het
- Bewyse in die ander bronne bevestig in 'n sekere mate die getuienis (bewyse) in die foto's
- Fotograaf het die foto met 'n bepaalde doel geneem

As 'n kandidaat aandui dat die bronne betroubaar is, moet hy/sy standpunt ten volle motiveer.

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kandidaat verstaan nie of verstaan gedeeltelik die begrip betroubaarheid</li> <li>• het nie die vermoë om die betroubaarheid van bronne te bepaal nie.</li> </ul>	<b>0 – 2 punte</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kandidaat verstaan die begrip betroubaarheid</li> <li>• is daartoe in staat om die betroubaarheid van bronne in 'n sekere mate te bepaal.</li> </ul>	<b>3 – 4 punte</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kandidaat verstaan die begrip betroubaarheid</li> <li>• het die vermoë om die betroubaarheid van bronne te bepaal.</li> <li>• Gebruik hierdie vermoë om tot 'n duidelike en gegronde slotsom oor die betroubaarheid van bronne te kom.</li> </ul>	<b>5 – 6 punte</b>

(6)

5.2.3 [Komplekse interpretasie – V 4]

- Kandidate moet 'n standpunt inneem
- Die standpunt moet **ten volle gemotiveer** word (3 x 2)

5.2.4 (a) [Onttrek en gebruik bewyse uit bronne om tot 'n gevolgtrekking te kom – V 4]

- Ja of ja in 'n sekere mate of nie in die eerste plek nie (2)

(b) [Onttrek en gebruik bewyse uit bronne om tot 'n gevolgtrekking te kom – V4]

- Foto het die Beste Foto van die Jaar Toekenning in 1977 ontvang
- Vergrote kopie hang in die Verenigde Nasies
- Foto is gebruik om 'n standbeeld in London te skep
- Hy het geen finansiële gewin uit die foto gekry nie
- Hy is skaars in die *Time* tydskrif gemeld toe hulle sy foto daarin gebruik het
- Teistering deur die polisie (enige 2 x 2)



5.2.5 [Onttrek bewyse uit beide bronne, maak meer komplekse interpretasies ten einde 'n stuk geskiedenis te skryf (paragraaf) – V 4]

**Gebruik die holistiese matriks hieronder en die volgende om 'n punt toe te ken.**

Die paragraaf moet gebaseer wees op bewyse van al hierdie bronne en moet op die volgende onderwerp fokus: 'Soweto 1976 – Nooit Weer Nie'.

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kan nie (relevante) bewyse onttrek nie</li> <li>• Onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse</li> <li>• Of kan nie oor onderwerp skryf nie</li> <li>• Gebruik bewyse in 'n mate om 'n paragraaf te skryf</li> </ul>	<b>0 – 3 punte</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is</li> <li>• Bewyse in 'n groot mate verband met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse</li> </ul>	<b>4 – 7 punte</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek relevante bewyse uit bronne</li> <li>• Evidence hou baie goed met die onderwerp verband</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf/ of ander effektiewe aanbieding wat verband hou met die gevraagde genre</li> <li>• wat 'n begrip van die onderwerp toon.</li> </ul>	<b>8 – 10 punte</b>

(10)  
(42)  
[50]



**VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994****6.1 P W BOTHA SE HERVORMINGSBELEID****6.1.1 [Onttrekking van inligting uit Bron 6A – V 1]**

- Botha het verklaar dat Suid-Afrikaners moet aanpas of in die niet verdwyn ten einde aan die behoeftes van die veranderde wêreld te voldoen
- voorsiening maak vir die breë belange van die mense of om die moontlikheid van 'n politieke dood (mag af te staan) in die gesig te staar

(Enige 1 x 2)

**6.1.2 [Interpretasie van inligting uit Bron 6B – V 3]**

- Die regering het regte en voorregte aan die swart vakbonde en hul arbeidsmag toegestaan - ten einde 'n swart middelklas te skep
- Deur dit te doen, het die regering gehoop dat die swart middelklas te veel sou verloor en daarom nie die massas in die stryd vir vryheid sou bystaan nie; d.i. 'n ander taktiek om die voortbestaan van apartheid te verseker

(Enige 1 x 2)

**ENIGE VAN DIE BOSTAANDE REAKSIES****6.1.3 (a) [Onttrekking van getuienis uit Bron 6C – V 4]**

- Ja of Nee

(2)

**(b) [Onttrekking van getuienis uit Bron 6C – V 4]**

- Botha het 'n aantal 'hervormings' aan die swart Suid-Afrikaners belowe, dit het egter nie naastenby voldoen aan hul verwagtinge van hervorming nie. Volgens Berry (in sy spotprent) het swart Suid-Afrikaners 'n groot aantal eise, waaraan Botha nie kon voldoen nie.

OF

- ('n nee antwoord kan aanvaar word as die kandidaat na die hervormings van Bothas verwys)

(1 x 2)

**6.1.4 (a) [Analise en interpretasie van inligting uit Bron 6D – V 4]**

- Rian Malan se vader was oortuig dat Botha verskeie veranderings aangebring het – soos die toelating van huwelike tussen rasse; vryheid aan die politieke gevangenis gebied; vreedsame oplossings vir die land se probleme aangebied, ens.; dat die hervormings genoeg sou wees
- Oliver Tambo het gevoel dat Botha se veranderinge oppervlakkig, vaag en misleidend was omdat vele swart Suid-Afrikaners in die townships steeds geteister is deur die veiligheidspolisie / omdat jy nie 'n swak stelsel kon hervorm nie, dit moes afgeskaf word
- Verskillend omdat een'n wit (blanke) perspektief en die ander 'n swart perspektief reflekteer

(2 x 2)



(b) *[Interpretasie en analise van inligting uit Bron 6D – V 3]*

- Rian Malan se vader het Botha se hervormingsbeleid ondersteun omdat hy gevoel het dat Botha sekere diskriminerende wette herroep het, vryheid aan die politieke gevangenis wat geweld afgesweer het, aangebied en regverdig en vreedsame oplossings vir die land belowe
- Oliver Tambo, die leier van die ANC, wat in ballingskap was, het ander idees oor Botha se hervormings gehad. Volgens hom was die hervormings te kosmeties en te ontoereikend om die belange van alle Suid-Afrikaners te dien. Hy het gewet dat die hervormings nie die behoeftes van die meerderheid van Suid-Afrikaners sou bevredig nie

(LW: (a) vewys na waarom hulle verskil het moenie kandidate krediteer vir herhalings nie)

(2 x 2)  
(16)

## 6.2 DIE UITWERKING VAN MILITANTHEID VAN WERKERS OP DIE STRYD OM DEMOKRASIE

6.2.1 (a) *[Onttrekking van getuienis uit Bron 6F – V 1]*

- Gomomo was 'n vakbondwerker by Volkswagen en die visie-president NAAWU
- Die polisie het daarom gevoel dat hy die mag en invloed oor die werkers gehad het en bygedra het tot die werkers se weerstand
- Geweier om inligting aan die polisie te gee

(Enige 1 x 2)

(b) *[Onttrekking van getuienis uit Bron 6F – V 1]*

- 3 000 swart werkers het geweier om te werk
- hulle het 'n massavergadering gereël
- werkers het nie teruggekeer werk toe voordat hul vakbondleiers nie vrygelaat is nie

(2 x 2)

(c) *[Interpretasie en analise van inligting uit Bron 6F – V 2]*

- Lede van die vakbond het begin staak ten einde die regering te dwing om hul lede vry te laat
- Polisie het met die bestuur van Volkswagen vergader en dit het gelei tot Gomomo en ander lede van die vakbond se vrylating

(1 x 2)

6.2.2 *[Interpretasie van Bron 6G – V 2]*

- Dit simboliseer mag aan die werkers
- Dit simboliseer eenheid van die werkers
- Beter lone, verbeterde arbeidstoestande, geen onregverdige arbeidspraktyke nie, geen werkloosheid

(enige 1 x 2)

6.2.3 *[Interpretasie van inligting in Bron 6F – V3]*

- In beide bronne veg die werkers om hul regte / teen apartheid en onderdrukkede arbeidswette
- Verwys na die verpolitisering van die werkers
- Eenheid onder die werkers teen onderdrukking

(2 x 2)



## 6.2.4 [Interpretasie van inligting in Bron 6G – V 3]

- Die woorde toon 'n sin van gelykheid, eenheid en kamaraadskap onder die werkers, hulle het 'n aantal vakbonde in een groot liggaam – COSATU – verenig
- Dit toon ook die gevoel van eenheid, vryheid en demokrasie waarvoor die werkers geveg het.

(1 X 2)

## 6.2.5 [Interpretasie en analise van Bron 6H – V 2]

- om blanke besighede, asook besighede wat deur 'verraaiers' (medewerkers) besit is, finansieel te beskadig
- druk op die regering geplaas
- om 'n einde aan die veldtog van onderdrukking te maak
- om die verkragting van swart vroue te stop
- om 'n einde te maak aan die gevangenskap en marteling van kinders
- om die besetting van plekke van aanbidding te voorkom
- deel van die 1980's was om die land onregeerbaar te maak en om die uiteindelijke doel van onafhanklikheid en demokrasie te kan bereik, ens.

(enige 2 x 2)

## 6.2.6 (a) [Interpretasie en analise van Bron 6H – V 2]

- Ja, gedeeltelik – wegbly-aksies kan slegs geëvalueer word binne die konteks van alle vorme van massa-aksie
- Nee kan nie aanhou boikot nie, het op die lang termyn nie die situasie verander nie

(2)

## (b) [Interpretasie en analise van Bron 6H – V 2]

- die meeste anti-apartheidsorganisasies het wegbly-aksies as 'n effektiewe instrument gebruik om druk op die regering te plaas om apartheid te beëindig. Dit het politieke en ekonomiese onregeerbaarheid veroorsaak, wat uiteindelik gelei het tot die ontbanning van organisasies deur die regering en die begin van die onderhandelingsproses

(1 x 2)

## 6.2.7 (a) [Onttrekking van bewyse uit Bron 6H – V 4]

Kandidate moet enige TWEE (2) punte kies en dan redes verskaf vir hul keuse, bv

- Moeders en susters word verkrag (Swak behandeling van vroue en kinders)
- Marteling van mense
- Besetting van plekke van aanbidding van swart Suid-Afrikaners.
- Gevangenskap van kinders onder die toelaatbare ouderdom
- Polisie en weermag se brutaliteit

(2 X 1)

## (b) [Interpretasie en sintese van Bron 6H – V 4]

- Dat apartheid 'n bose stelsel was wat vir baie wandade teen die mensdom verantwoordelik was
- Die polisie het wrede metodes gebruik teen die swart Suid-Afrikaners (enige 1 x 2)



## 6.2.8 [Interpretasie, analise en sintese van inligting uit Bron 6H – V 4]

Kandidate moet Bron 6H gebruik en verwys na die bullets om dan 'n samehangende paragraaf te ontwikkel wat op die volgende aangeleenthede fokus:

Veranderings wat voorgekom het

- Marteling van politieke gevangenis het gestop
- Nie meer politieke informante soos gedurende die apartheidregime nie
- Plekke van aanbidding word nie meer beset nie
- Troepe terroriseer nie meer die inwoners van 'township' nie
- Kinders nie meer in gevangenskap vir politieke redes nie

Die volgende kom egter steeds voor in Suid-Afrika

- Informante in ander sferes kom steeds voor
- Verkragting van vroue en kinders
- Gevangenskap van kinders, maar vir ander redes

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kan nie bewyse onttrek nie</li> <li>• of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse.</li> <li>• Gebruik bewyse in 'n mate om 'n paragraaf te skryf</li> <li>• of kan nie oor onderwerp skryf nie.</li> </ul>	<b>0 – 2 punte</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is</li> <li>• Onttrekte bewyse hou in 'n groot mate verband met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse.</li> </ul>	<b>3 – 4 punte</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek relevante bewyse uit bronne</li> <li>• Onttrekte bewyse hou baie goed met die onderwerp verband</li> <li>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf</li> <li>• Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp.</li> </ul>	<b>5 – 6 punte</b>

(6)  
(34)  
[50]

**TOTAAL: 200**